Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Sybrand Baard

Area: Keimoes

T: 082 414 6137 / E: sybrand@laeveld.co.za

Gewasse: Rosyntjies, katoen, mielies, lusern en druiwe
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Sybrand Baard is in Port Elizabeth gebore en het in sy kinderjare saam met sy ouers na die oewers van die Oranjerivier verhuis. Dit is hier waar hy al van kleintyd af sy oupa, wat 'n rooskweker en rosyntjieboer was, dopgehou het, en só 'n liefde vir plante en boerdery ontwikkel het.

As Noord-Kapenaar het hy aan Hoërskool Keimoes gematrikuleer. Ná skool het hy Hortologie aan die Kaapse Technikon studeer, waarna hy as Takbestuurder by die Superplants Tuinsentrum-groep in Table View, Kaapstad, gewerk het. Hy is met Anneke, 'n nooi van die Boesmanland, getroud.

Maar dit was egter die stilte van die Noord-Kaap en die dreuning van die Oranjerivier waarna hy verlang het, en hy het gevolglik besluit om by sy pa se boerdery aan te sluit. Sy pa het al meer as 23 jaar se ondervinding in rosyntjieverbouing, asook lusern en mielies.

Sybrand hou baie daarvan om in die natuur te wees, en veral die stilte daarvan trek hom aan. Dus het hy 'n groot liefde vir die Weskus, om 'n vuurtjie aan te steek en om gesellig saam met sy gesin en goeie vriende in die natuur te wees.

Vanweë sy studierigting het dit sy belangstelling geprikkel hoe gewasse funksioneer en wat hul behoeftes is. In 2005 het hy sy CropLife-kursus suksesvol voltooi.

Hy gaan hoofsaaklik in die Keimoes-gebied werksaam wees. Sy hoofdoel is om sy kliënte met die beste tegniese en kundige advies te bedien, en nie om net produkte te verkoop nie. Dit is juis hier waar hy 'n groot leemte ervaar het en wat hy graag wil aanspreek.

Grond- en wingerdgesondheid, asook lusern en mielies, is sy hooffokus. Met Laeveld Agrochem se wye netwerk van spesialiste, sal hy ook professionele raad ten opsigte van ander gewasse kan gee.

Aangesien hy self 'n boer is en boerdery hom so na aan die hart lê, besef hy hoe klein die winsmarge is en dat produsente dit nie kan bekostig om nie kundig en presies te boer nie. Daarom gebruik hy Agri Technovation en MYFARMWEB™ vir absolute presisie, om onnodige produkkoste te vermy en om oeste te optimaliseer.

Volgens Sybrand is die landboubedryf altyd onder druk weens verskeie eksterne faktore, maar hy glo dat produsente altyd 'n plan kan maak en dat landbou sal seëvier.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes. Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.